SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Maylene Basson

Universiteit: Stellenbosch

Meesters: | **Doktoraal:** x | **Postdok:**

Studierigting: Opvoedkunde: Kurrikulumstudie

Titel van proefskrif of Verhandeling: 'n Ondersoek na professionele ontwikkeling van onderwysers: pedagogiese inhoudskannis ter bevordering van leesbegrip van nie-moedertaalsprekers.

Datum van afhandeling: Desember 2016 **Uitslag:** Slaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Hierdie studie ondersoek die professionele ontwikkelingsbehoeftes van onderwysers met betrekking tot die bevordering van die leesbegrip van nie-moedertaalsprekers in Afrikaansmediumklasse. Gebaseer op die data wat gegenereer is, is ‘n professionele ontwikkelingsprogram ontwerp en geïmplementeer. Hierdie ondersoek is onderneem teen die agtergrond van die swak prestasie van leerlinge in nasionale sistemiese toetse asook internasionale assesserings. Onderwysers het aangedui dat hulle oorweldig en gefrustreed voel, omdat hulle nie oor die nodige kennis beskik om die nie-moedertaalsprekers in hulle klasse te ondersteun nie. Dus het hulle die behoefte uitgespreek om professionele ontwikkeling te ondergaan sodat hulle pedagogiese inhoudskennis in die verband uitgebrei kan word.

Hierdie studie het ‘n gemengde navorsingsbenadering gevolg. Empiriese data is gegenereer deur aksienavorsing wat onder andere twee siklusse behels het. Die navorsingsvrae kon dus sonder die beperkinge van slegs een navorsingsmetode verken word. Data is op die volgende wyses gegenereer: kwantitatiewe data (vraelyste) en kwalitatiewe data (vraelyste, onderwysersjoernale, klaskamerobservasies en onderhoude met onderwysers). Die literatuurstudie gee ‘n oorsig van die professionele ontwikkeling van onderwysers, leesmodelle,
-benaderings en -strategieë sowel as leesbegripstrategieë.

Konstruktivisme en sosio-konstruktivisme is geïdentifiseer as die teoretiese begronding vir die vestiging van geletterdheidsvaardighede. Aangesien hierdie studie die professionele ontwikkeling van onderwysers behels, is ‘n teoretiese raamwerk wat hulle voortgesette professionele ontwikkeling en groei in ag neem oorweeg. Dus is onderwyserkennis asook die ontwikkeling van hulle pedagogiese inhoudskennis soos beskryf deur Shulman as teoretiese raamwerk ingesluit.

Bevindinge voor die aanvang van die studie dui daarop dat die meerderheid van respondente geen professionele ontwikkeling ondergaan het aangaande die bevordering van lees- en leesbegripstrategieë van nie-moedertaalsprekers in hulle Afrikaansmediumklasse nie. Voorts het 84% van die respondente aangedui dat hulle nie leesbegripstrategieë eksplisiet onderrig nie.

Bevindinge van die studie dui daarop dat die professionele ontwikkelingsprogram moontlik ‘n positiewe invloed op die pedagogiese inhoudskennis van die deelnemende onderwysers rakende leesmodelle en -strategieë sowel as leesbegripstrategieë gehad het. Eweneens kon dit gelei het tot die verhoogte implementering van leesbegripstrategieë in hulle klasse soos aangedui deur 92% van die onderwysers wat na afsluiting van die professionele ontwikkelingsprogram, leesbegripstrategieë eksplisiet onderrig. Voorts dui die resultate daarop dat aksienavorsing moontlik ‘n bydrae kon lewer tot die effektiewe toepassing van lees- en leesbegripstrategieë in hulle klasse.

Die verantwoordelikheid rus op die Departement van Basiese Onderwys en universiteite om te verseker dat voor- en nagraadse onderwysers professionele ontwikkeling ontvang sodat hulle oor die nodige pedagogiese kennis en metodes beskik om effektiewe ondersteuning aan die geletterheidsvaardighede van nie-moedertaalsprekers te bied. Die studie, sy bevindinge en aanbevelings kan dus as verwysing dien wanneer professionele ontwikkeling van onderwysers beplan word. Dit geld met spesifieke verwysing na die bevordering van hulle pedagogiese inhoudskennis aangaande lees- en leesbegripstrategieë van nie-moedertaalsprekers.